# KAAPSE Brokkies NUUS 15 Nov 2010

"Be a light in the dark world, for Jesus!"
Hey!
HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES



Al die Hey! lede en persone betrokke as konsultante en aanbieders het op Maandag 22 Nov bymekaar gekom om heerlik saam ontbyt te eet en mekaar beter te leer ken.Ons is voorwaar bevoorreg met so 'n gedugte span agter ons! Dankie julle!!!



**Kan kinders die evangelie deel?**

Verseker! Dit is wat die Kids EE program doen: om kinders toe te rus. Ons getuienis is van 'n gr 3 dogtertjie wat na die oorgawe les besluit het om haar kennis van Kids EE te gebruik om haar 88jarige ouma-grootjie en oupa te help om hul harte vir Jesus te gee! Soos die kinders moes "ja" sê om die smarties te ontvang so moet mens ja antwoord op die goeie nuus van Jesus om die ewige lewe as gratis geskenk te ontvang. Kinders kán hoop bring en hul lig laat skyn vir Jesus.

**Jaareinde kom vinnig nader :**Dit beteken sertifikate ontwerp en uitdruk, afsluitingsfunksies reël en vele meer. Dit gaan omtrent rof op die stadium. Hier is 'n foto van die pêrelprojek se kinders wie oefen vir hul konsert op 8Des.Hulle gaan sing en die EEIII raamwerk opvoer.Hier blaas hul borrels na die deel oor geloof ingeoefen is! Die Kaapse winde het woes gewaai en ons was sopnat van borrels wat rondgevlieg het. By Lawrencia laer is ons gevra om 'n kersaanbieding op 1Des te doen.

Pêrelprojek se kinders



**Summies se gr1-3 groep sien die Jesus film vir kinders**! Wat 'n voorreg was dit nie om Jannie Marais te kon kry om die film aan die hele gr1-3 groep van omtrent 300 kinders te kon wys nie. Baie kinders het aan die einde van die film aangedui dat hulle saam met die karakter in die film gebid het om 'n keuse vir Jesus te maak.Ons vra dat julle sal bid vir elk van hierdie saadjies wat gesaai is dat God dit sal laat groei en vrug dra!



Dankie vir jou gebede en liefde !
Celeste Steinmann
082 322 5299